SLINGERVEL

Oktober 2017

Christelike maandblad vir die jeug



Slingervel, Jaargang 59
Nommer 992, Oktober 2017

As julle enige vrae het, iets wat jy nie verstaan nie, of oor iets wat in die Slingervel geskryf is, meer wil weet, is julle baie welkom om vir my

- ⇨ 'n sms te stuur of te whatsapp na 084 551 2107,
- ⇨ of 'n e-pos te stuur na slingervel@gksa.co.za,
- ⇨ of 'n brief te stuur na Posbus 88, Bloemhof 2660



in hierdie uitgawe ...

3 Redakteursbrief
4 Verjaardaghoekie
8 Daniël 3 – Blokkiesraaisel
9 Help die voëltjie om by die boom uit te kom
10 Susanna, die slavin (5)
12 Koraalriwwe (1)
14 Martin Luther – tydlyn
15 Inkleurprent – Luther
16 Gazette – Kerknuus vir 1 Oktober 1517
18 Martin Luther se roos
19 Luther en armoede
20 Oplossing: Blokkiesraaisel
21 Luther en die prediking
22 Wat kan ek lees?
24 Inkleurprent volgens nommers

REDAKTEUR
Dr. Hennie van Wyk
e-pos: hennie@gksa.co.za

Tipografie en uitleg
Joey Fourie
e-pos: kerkblad@gksa.co.za

MEDEWERKERS
Maryke Coetsee
Susan Lourens
Oom Hennie
Oom Attie Venter
Oom Gerard Meijer
Oom Erik van Alten

Eienaars en uitgewers
Deputate vir Kerklike Tydskrifte
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Posbus 20008, Noordbrug 2522

Drukkers
V & R Drukkery
Tel. 012 333 2462
ludick@vrprinting.co.za

Intekening
Administratiewe Buro
Afdeling Publikasies
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel: 018 297 3986

Intekengeld
R304,00 per jaar
(posgeld en BTW ingesluit)
(Sien die intekenvorm op die agterblad vir meer inligting oor intekengeld.)

Die Redakteur
Bydraes en briewe
Posbus 20008
Noordbrug, 2522

Jaargang 59,
Nommer 992,
Oktober 2017
ISSN 0037 685 X

Redakteursbrief

Maats,

Het julle al ’n glas laat val dat dit breek? Jy sien hoe die glas val, jy probeer hom vang en dan sien jy hoe dit in stukkies breek. Jy kan dit oor en oor in jou gedagtes herleef – maar kan dit nie keer nie. Die glas bly stukkend.

Op die rekenaar het ’n mens ’n “undo”-sleutel. As jy iets per ongeluk uitgevee het, druk jy die “undo” en dit is terug.

In die geskiedenis het dit al baie gebeur dat iemand ’n besluit geneem het en nie die gevolge daarvan besef het voor die hele saak afgehandel is nie. So word vertel dat toe Julius Caesar na Rome teruggeroep is, hy al sy soldate saamgebring het, terwyl hy verbied was om dit te doen. Op die grens, die Rubikon, sou hy gesê het: “Alea jacta est!” (Ons Vellie-maats wat Asterix lees, het hierdie woorde ook al daar gesien.) Dit kan vertaal word met: “Die dobbelsteen is gegooi.” Die boodskap is: As die dobbelsteen jou hand verlaat, het jy geen beheer oor wat verder gebeur nie. Vir Caesar het dit ’n burgeroorlog beteken.

Het Martin Luther besef wat die gevolge was van sy 95 stellings teen die kerkdeur van Wittenberg? Hyself het nie besef dat dit die wêreldgeskiedenis vir altyd sou verander nie. Behalwe dat dit die Reformasie ’n werklikheid gemaak het, het dit ook amper ’n burgeroorlog in Duitsland veroorsaak. Daar is kerke afgebrand en mense doodgemaak waar Lutheraan teen Katoliek opgestaan het, en andersom. Luther het sy bes probeer om die geweld te keer – en dit het ook ’n hartseer kant gehad.

In ons kerke is ons natuurlik dankbaar daarvoor. Luther het die pad oopgemaak vir Johannes Calvyn. Die Here het vir Calvyn ’n besondere verstand gegee sodat hy die waarhede van die Bybel mooi kon saamvat en neerskryf. Elke keer as ons van die Belydenisskrifte lees, hoor ons as’t ware Calvyn se stem.

Wat het Luther uiteindelik met die 95 stellings gesê? Kom ons luister na die Here en nie na wat mense sê nie.

Dit moet vandag nog elke preek, elke katkisasie, elke huisgodsdiens en elke Bybelstudie se boodskap wees: **SO SÊ DIE HERE!**

In hierdie uitgawe plaas ek artikels van drie ooms wat ’n studie gemaak het van Luther se stellings en ook die boodskap wat dit vandag nog vir ons het.

Ek plaas ook weer die blokkiesraaisel oor Daniël 3 wat heeltemal verkeerd was in die Augustusuitgawe.

Groete tot volgende maand!

Oom Attie Venter

Koraalriwwe (1)

As ek op ’n TV-program afkom waarin ’n mens jou in asemrowende onderwatertonele kan verlustig, kyk ek sommer na die hele program! Diertjies wat kompleet soos plantjies lyk, aan rotsuitsteeksels geheg, met veelkleurige “takkies” wat ritmies op die maat van wisselende waterstrome rondswaai … As bonus peil daar ’n verskeidenheid vissies wat niks vir die “koraalwoud” hoef terug te staan nie – in elk geval wat kleure betref – blitssnel deur skeurtjies en om hoekies.

Die skrywer van Spreuke 31:10 is só beïndruk met die skoonheid van korale dat hy ’n deugsame vrou daarmee vergelyk!

Wat ’n wonderlike, kunstige, liefdevolle Skepper wat hierdie dinge kon uitdink en in die lewe roep sodat ons dit ook kan geniet!

Behalwe hierdie fantasie-beelde wat dit optower, word koraalriwwe beskou as een van die ekostelsels met die grootste verskeidenheid plantjies en diertjies – tot sowat 30 000 verskillende spesies. ’n Navorser maak die opmerking dat net die tropiese woude daarmee vergelyk kan word.

Tipiese holtediere

Watter soort diertjies is dan so opspraakwekkend soos jy hierbo van gelees het? Hulle behoort tot die *Holtediere* (*Coelenterata*, spreek uit: Selenterata), só genoem omdat hulle liggaam net een holte het, met net een opening na buite. Hier dink ons aan see-anemone, jellievisse en bloublasies, om maar die bekendstes te noem.

Wat interessant is, is dat hulle *vangarms* het wat rondswaai en klein diertjies aankeer. Selletjies in die buitenste laag van die vangarms (tentakels) skiet die prooi met gifpyltjies, waardeur hy gif toegedien word. Die prooi word dan by die “mond” ingeprop en deur verteringsappe verteer. Die gifpyltjies van ’n bloublasie kan nogal pynlik wees. Mense wat allergies vir dié gifsoort is, kan hulle bewussyn daardeur verloor!

Koraalrif-vorming

Lees gerus in Dierkunde- of Biologieboeke om meer te wete te kom van *poliepe* en *medusas*. Baie interessant! Vra iemand wat al ’n bietjie hiervan weet om te verduidelik hoe die vurk in die hef steek.

Kortliks: ’n Poliep is die deel of stadium van die koraaldiertjie wat ’n mens die “volwasse” vorm kan noem. Elke poliep skei ’n klein kalksteenknoppie aan sy basis af wat die diertjie aan die rots heg. Wanneer gevaar dreig, trek hy daarin terug. Hierdie beskermingsknoppies bly lank nadat die organisme reeds dood is, behoue.

Elke koraalgenerasie dra tot die versameling by sodat groot koraalriwwe gevorm word waar oorspronklik net ’n paar individuele poliepe was. Die Groot Koraalrif, wat vir meer as 1 500 kilometer ver langs die Australiese kus strek, bestaan hoofsaaklik uit die uitskeidings van klein koraalpoliepe. Sommige korale (dit is die oorblyfsels van die kalkskelette) is só mooi dat hulle as juwele gebruik word (sien die Bybelvers hierbo).



Die voorkoms van koraalriwwe in die wêreld se oseane

Reënwoude van die oseane

Koraalriwwe word dikwels die “reënwoude” van die oseaan genoem, omdat dit een van die ekostelsels met die grootste verskeidenheid plante en diere op ons planeet is. Dit beslaan ’n oseaanoppervlakte wat ongeveer so groot as die helfte van Frankryk is, en tog bied dit ’n tuiste vir ten minste 25% van alle seeplant- en –dierspesies soos visse, weekdiere (slakke en hulle makkers), seewurms, skaaldiere (krappe en krewe en hulle bloedverwante), seekastaiings, sponse, bloublasies …

Koraalriwwe word gewoonlik (1) in vlak seewater en (2) in tropiese areas aangetref, hoewel hulle ook in ’n mindere mate in koue water voorkom. Water kouer as 18°C en warmer as 27°C maak dit maar moeilik vir dié wesens om te bestaan. Daar is egter uitsonderings, soos dié wat in die diep, koue waters van Noorweë kan oorleef.

Waarom in vlakkerige waters?

Alle egte rifbouers leef in simbiose met ’n soort eensellige alge. Laasgenoemde lewe in die weefsels van die poliepe. Met die vorming van die kalkskelet in die poliepe word *kalsiumbikarbonaat* (in die seewater) omskep in *kalsiumkarbonaat* en word *koolsuurgas* afgegee wat tydens fotosintese deur die alge gebruik word. Tydens laasgenoemde proses word *suurstof* afgegee wat weer deur die poliepe gebruik word tydens die groeiprosesse. Dit is ’n wonderlike voorbeeld van *simbiose*. Hierdie vinnige groeiproses laat die rif spoedig herstel dat dit byvoorbeeld deur ’n storm beskadig is.

Die antwoord op bogenoemde vraag is dus: In diep water kan sonlig nie deurdring nie, kan alge nie groei nie en kan die koraalbouers nie voedsel deur middel van fotosintese vervaardig nie.

Biodiversiteit

Ander plante en diere van verskillende groottes en gewoontes hou baie daarvan om in of op koraalriwwe te leef.

- As voorbeeld neem ons die *Mangrove-woude*, bome met massiewe wortels wat hulle aan die grond anker, wat op die hoogwatermerk van ’n lagune groei. Op die laagwatermerk floreer die koraalriwwe. Tussen-in groei seegras. Die riwwe beskerm die mangrove-bome en seegras teen sterk seestrome en branders wat dit kan beskadig of die grond daaronder wegkalwe. Die bome en seegras beskerm weer die koraal teen te veel slik en besoedelde stowwe wat kan invloei.
- Albei (mangrove-bome en seegras) bevoordeel die diertjies wat hier voorkom, dit voorsien byvoorbeeld die ideale broeiplekke. Koraalriwwe is die tuiste van ’n groot verskeidenheid diere, soos visse en seevoëls.

Verspreiding

Nie alle oseane wat die regte temperatuur en diepte het, het koraalriwwe nie. Slegs op ’n paar plekke het groot rifformasies ontwikkel: langs die ooskus van Afrika, in die Golf van Arabië, langs die ooskus van Australië en in die eilandgroepe van Melanesië, Polinesië en Hawaii.

(Volgende keer: Maniere waarop skade aan koraalriwwe aangerig word, sowel as maatreëls wat getref kan word om hierdie skade te voorkom.) SV



Martin Luther

• tydlyn •

10 NOVEMBER 1483 – Gebore te Eisleben, Duitsland

1501 – Universiteit van Erfurt

1505 – Ontvang Meestersgraad in Regte

2 JULIE 1505 – Vasgevang in storm. Beloof God om priester te word as sy lewe gespaar word

17 JULIE 1505 – Sluit aan by St. Augustine-klooster te Erfurt

3 APRIL 1507 – Georden as priester

3 MAART 1508 – Verwerf graad in teologie

19 OKTOBER 1512 – Verwerf doktorsgraad te Wittenberg

21 OKTOBER 1512 – Professor in teologie te Wittenberg

4 SEPTEMBER 1517 – 97 (99?) stellings teen kerkdeur van Wittenberg

31 OKTOBER 1517 – 95 stellings wat die Reformasie sou begin teen kerkdeur van Wittenberg

OKTOBER 1518 – Hy verdedig sy 95 stellings voor kardinaal Cajetan

15 JUNIE 1520 – Die pous reik 'n Bul uit waarin hy gedreig word met afsnyding uit die kerk sou hy nie sekere standpunte terugtrek nie

1520 – Drie deurslaggewende publikasies verskyn:

- Aan die Edeles van Duitsland
- Die Babiloniese ballingskap van die kerk
- Oor die Vryheid van die Christen

10 DESEMBER 1520 – Luther verbrand die Bul van die pous

3 JANUARIE 1521 – Hy word afgesny uit die kerk

18 APRIL 1521 – Hy verskyn voor die kerk op die Ryksdag van Worms. Hy word versoek om sy kritiek teen die kerk terug te trek. Hy beloof die volgende dag 'n antwoord

19 APRIL 1521 – Sy antwoord: “Tensy ek uit die Skrif of deur goeie argumente (want ek vertrou nie die pous of die besluite van konsilies nie – want ons weet dat hulle fouteer en hulleself weerspreek) verkeerd bewys word, word ek gebind aan die Skrif soos ek dit aangehaal het en my gewete word gebind deur die Woord van God. Ek kan en sal nie enige iets terugtrek nie, omdat dit nie reg of veilig is voor my gewete nie. Mag God my help. Amen.”

25 MEI 1521 – Die keiser verklaar hom as 'n uitgeworpene en misdadiger. Hy word voëlvry verklaar. Hy word deur Frederik III ontvoer en na Wartburg geneem. Daar vertaal hy onder andere die Nuwe Testament in Duits

6 MAART 1522 – Hy keer terug na Wittenberg. Sy volgelinge het gewelddadig opstandig geword – iets wat hom baie hartseer gemaak het

1522 – Die Nuwe Testament in Duits verskyn

APRIL 1523 – Tree in die huwelik met Katharina van Bora. Uit die huwelik is 6 kinders gebore: 3 seuns en 3 dogters

1529 – Luther publiseer die Groot Kategismus vir kerkleiers en die Klein Kategismus wat die kinders moes memoriseer

1534 – Die volledige Bybel in Duits verskyn (Luther het ander persone gebruik om te help met die vertaalwerk)

15 FEBRUARIE 1546 – Hy preek die laaste keer in Eisleben, sy geboortedorp

18 FEBRUARIE 1546 – Hy sterf en word begrawe onder die preekstoel in die Kasteelkerk te Wittenberg

Tannie Susan

Wat kan ek lees?



Walliams, David. 2017. *Aaklige Ant Alberta*. Illustrasies deur Tony Ross en vertaal deur Kobus Geldenhuys. Pretoria: Protea Boekhuis. 389 p. Prys: R195,00. ISBN: 978-1-4853-0558-3

Toe Stella Saxby wakker skrik, besef sy dat sy glad nie kan roer nie. Haar tante, Ant Alberta, het haar meegedeel dat sy in 'n ernstige motorongeluk was waarin haar arms en bene gebreek is en sy was ook vir maande in 'n koma. Albei haar ouers is in die motorongeluk dood.

Ant Alberta het 'n reusagtige mak Beierse berg-uil as troeteldier, maar sy het dit afgerig om ook 'n gedugte wrede wapen te wees – want sien, Ant Albert was eintlik 'n aaklilge en bose vrou. Stella was nou die erfgenaam van haar ouers se Saxby-landgoed. Ant Alberta wou egter die landgoed vir haarself hê en sy het oral gesoek na die transport-akte wat Stella se pa in die huis weggesteek het, juis om te verhoed dat sy dit in die hande kry. Sy wou dan vir Stella dwing om dit af te teken sodat sy die wettige eienaar daarvan kon word.

In hierdie skreeusnaakse spanningsverhaal ontvou Ant Alberta se aaklige plan en Stella se dapper pogings om te ontsnap en haar tante se bose dade aan die kaak te stel. Dit geskied op 'n spannende, interesssante en humoristiese wyse. Die lesers maak ook kennis met die geheimsinnige spook, Roet, en hoe hy Stella gehelp het. Wie was hy nou eintlik?

Die verhaal is uitstekend vertaal. Die boek lees maklik en is boeiend geskryf. Die swart-en-wit illustrasies vul die teks uitstekend aan en dra by tot die spanning en humor van die verhaal. Lesers sal verseker hierdie boek baie geniet en moontlik graag ook die ander boeke van hierdie skrywer wil lees.

David Walliams se kinderboeke val in dieselfde kategorie as dié van Roald Dahl en die voorspelling is dat dit nog vorentoe klassieke werke gaan word.

Bouchard, André. 2017. *Ernst, meester van die wêreld*. Uit Frans vertaal deur Amelia de Vaal. Pretoria: Protea Boekhuis. Prys: R150,00. ISBN: 978-1-4853-0705-1

Ernst is 'n baie gevaarlike en afskuwelike kiem. Professor Pluk was nog besig om hom onder die mikroskoop te ondersoek as 'n nuwe kiem wat hy ontdek het, toe hy die professor se brein oorgeneem het. Van toe af was Ernst in beheer van professor Pluk en het hom allerhande belaglike goed laat doen. Professor Pluk het ewe gehoorsaam en gedienstig sy bevele uitgevoer, byvoorbeeld om die varke met sy tandeborsel te gaan skrop, aan 'n stiergeveg deel te neem, 'n kameelperd se kuif te kam, die Comrades-maraton met hoëhakskoene aan te durf en nog baie ander absurde dinge.

Die lesers (kinders en ouers!) word gewaarsku om in hulle pasoppens te wees sodat hulle paaie nie per abuis dié van Ernst kruis en dieselfde aaklige lot hulle ook tref nie. Wat was die uiteinde van professor Pluk?

Die outeur is ook die illustreerder van die boek en die illustrasies ondersteun die teks perfek en dra by tot die humor van die boek. Jong lesers sal skaterlag oor al die manewales wat Ernst professor Pluk laat doen het – maar sal seker skrikkerig wees dat Ernst ook dieselfde met hulle kan doen!

Beyers-Boshoff, C.F. 2017. *Jasper in die koshuis*. 2e uitg. Pretoria: Protea Boekhuis. 96 p. Prys 125,00. ISBN: 978-1-4853-0390-9. (Jasper-reeks, 9.)

Omdat Jasper se ouers oorsee was, moes hy vir 'n hele kwartaal 'n koshuisinwoner van die seunskoshuis

word. Aangesien hy aan ’n vryer roetine en reëls by die huis gewoond was, het hy aanvanklik harde bene gekou en tydens ’n paar geleenthede goed met die koshuisvader se kweperlat kennis gemaak. Jasper se aartsvyand, Floors, het ook ’n groot aandeel hieraan gehad – veral met die fietswedren!

Toe Jasper vir die naweek oor ’n geveg met Floors gehok was, het hy heel onskuldig in die moeilikheid beland – hy wou verhoed dat ’n wapensmokkelbende met die skool se kadet-gewere wegkom. Hy het homself ongesiens in hulle bakkie by die gewere versteek en is soort van Johannesburg toe ontvoer.

Sou sy plan werk om in Johannesburg die polisie hiervan in kennis te stel en die boewe vas te trek? Hy het nie die doodsgevaar waarin hy verkeer het, eers vooraf deurdink nie!

Lesers moet hierdie ontknoping van die spannende aksieverhaal self lees om die avontuur te beleef. Hierdie *Jasper*-boek in die gewilde reeks lees lekker en sal nog net so gewild onder tieners wees as toe hulle ouers dit die eerste keer dekades gelede gelees het.





Bouchard, André. 2017. *Wolf! Wolf!* Uit Frans vertaal deur Amelia de Vaal. Pretoria: Protea Boekhuis. Prys: R150,00. ISBN: 978-1-4855-0202-0

In hierdie prenteboek kry die wolf stry met die meisietjie se nagmerrie. Om haar met ’n nagmerrie bang te maak, moet die wolf haar wakker maak. Maar Wolf sukkel om haar wakker te kry – sy bly net eenvoudig voortslaap!

Toe kom die klein nagmerrie onder die bed uit en hy wil nie hê sy moet wakker word nie. In hulle stryery kom hy egter sy moses teë met Wolf. Hierop kom Ouma se nagmerrie Wolf help, maar steeds tevergeefs! Hulle was naderhand so moeg dat hulle self aan die slaap geraak het. Toe het die nagmerries eintlik eers vir hulle begin! Maar wie het nou eintlik vir wie nagmerries gegee?

Jong lesers sal baie van hierdie prenteboek hou – dit is ’n gekontroleerde bangmaakstorie wat die tone sal laat krul van lekkerkry, maar die nekhare laat rys van bangheid! Die illustrasies dra by tot die humor en unieke nagmerrie-ervaring.

Die boek se klanknabootsing leen hom uitstekend vir voorlees, waardeur atmosfeer geskep en kindervrese met humor besweer kan word. Die outeur lei die leser egter heerlik om die bos, want wat is nou eintlik realiteit en wat is droom? Hierdie boek is ’n tipe parodie op die klassieke Rooikappie en Wolf-verhaal.

Goscinny, René. 2017. *Asterix en die koperpot*. Illustrasies deur Albert Uderzo. Uit Frans vertaal deur Sonya van Schalkwyk-Burrois. Pretoria: Protea Boekhuis. 48 p. Prys: R130:00. ISBN: 978-1-4853-0428-9. (Asterix-reeks, 13.)

Tweegesix, die hoofman van ’n naburige stam, het ’n koperpot vol geld (sestersies) na hoofman Allemapstix gebring en hulle gevra om dit vir hom op te pas. Dit was belastinggeld en hy wou dit vir die Romeine wegsteek om so belasting te ontduik.

Asterix is persoonlik getaak om dit op te pas, wat hy ook baie nougeset gedoen het. Toe hy egter die volgende oggend in sy tent ingaan, het hy ’n groot skok gekry – die koperpot was leeg! Volgens die stamwet is hy uit die dorp verban omdat hy hulle in die skande gesteek het. Obelix het besluit om saam met hom op verbanning te gaan. Hulle het besluit om weer die gesteelde geld te probeer vind sodat hulle dit vir Tweegesix kon teruggee en weer na hulle eie stad kon terugkeer.

Hulle het verskeie opsies ondersoek en geïmplementeer om die geld te probeer terugkry of te verdien, byvoorbeeld om hulle lywe gladiator te hou, wildevarke te vang en op ’n mark te verkoop en selfs om ’n bank te probeer beroof. In die proses het hulle allerhande avonture beleef. Sou hulle egter daarin kon slaag om Asterix se skuld te kan betaal en hulle stad se eer te red? Het bootjie op die ou einde tog sy loontjie gekry?

Hierdie boek is nog ’n opwindende lekkerlees avontuur van Asterix met sprankelende woordspel – ’n moet vir alle Asterix-liefhebbers (oud en jonk)! SV